



Verwysing: 20190417-3857

Lêernommer: 12/2/8/13/2

Navrae: N Dodgen

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0010/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, AOO- en VOO-koördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale van alle gewone openbare skole

Onderwerp: Beroep op skole om vir die 2019 Nkosi Albert Luthuli-toekennings vir Jong Geskiedkundiges te registreer

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO), nooi alle skole uit om aan die 2019 Nasionale Skole Mondelinge Geskiedenis Kompetisie vir die Nkosi Albert Luthuli-toekennings vir Jong Geskiedkundiges deel te neem.
2. Hierdie kompetisie is in 2005 ingestel en vorm deel van die DBO se bydrae tot die versterking van die onderrig en leer van Geskiedenis in skole.
3. Dit is ook deel van die DBO se voortgesette inisiatief om alle leerders aan te moedig om nie net 'n begrip van die breër geskiedenis van Suid-Afrika te ontwikkel nie, maar ook die belangrikheid van die geskiedenis van hulle plaaslike gemeenskappe te begryp. Dit is 'n geleentheid vir jong leerders om ondervinding op te doen in die ontwikkeling van belangrike navorsingsvaardighede.
4. Hierdie kompetisie is oop vir leerders en Sosiale Wetenskappe-/Geskiedenis-onderwysers van graad 8 tot 11.
5. **Kompetisie vir leerders**
Daar sal van leerders verwag word om navorsing te doen en 'n mondelinge voorlegging oor een van die volgende onderwerpe voor te berei:

Kategorie 1: Mondelinge Geskiedenis-kategorie (van toepassing op graad 8- tot 11-leerders)

- | |
|---|
| <p>1. <u>Hoe apartheid mense se lewens beïnvloed het en hoe mense daarop reageer het</u>
Verskillende dele van Suid-Afrika se samelewing het aan die stryd teen apartheid deelgeneem. In hul poging om die apartheidswette en segregasiesistelsel te verset, het hulle begin met verskeie versetstrategieë soos passiewe weerstand, nie-samewerking, verbruikersboikotte,</p> |
|---|

wegbly aksie, stakings, burgerlike ongehoorsaamheid en die vorming van alliansies. Die doel was om demokrasie te bewerkstellig en te verseker dat Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin woon.

Daar sal van leerders verwag word om een onbesonge held, heldin, individu of familie in hul plaaslike gemeenskap of enige deel van Suid-Afrika te kies wat aan die stryd teen die apartheidsstelsel deelgeneem het. Leerders sal fokus op individue of families wat nie in die openbaar erken word nie, maar deel is van die plaaslike gemeenskap. Daar sal van leerders verwag word om biografieë van plaaslike mans en vroue te ontdek wat 'n kritieke en onbaatsugtige rol gespeel het in die stryd teen apartheidswette en die segregasiesisteem.

ii) Hoe demokrasie in Suid-Afrika gerealiseer het?

Die Frontlinie State het die ideologie van die totstandkoming van demokratiese state in Afrika toenemend ondersteun. Hulle het ag gegee op die oproep onder leiding van anti-Apartheidsbeweging om die apartheidswette en die segregasiestelsel in Suid-Afrika te beëindig. Hulle het op verskeie maniere deelgeneem en betrokke geraak by die aktiwiteite van die Suid-Afrikaanse anti-Apartheidsbewegings, soos sportboikotte, kulturele boikotte, akademiese boikotte, verbruikersboikotte, beleggingsontrekking, sanksies en die Bevry Mandela-veldtog.

Daar sal van leerders verwag word om navorsing te doen oor die betrokkenheid en ondersteuning van die Frontlinie State om demokrasie in Suid-Afrika te bewerkstellig. Daar sal van hulle verwag word om nabetraging te doen oor die rol en invloed van die Frontline States op Suid-Afrika se pad na demokrasie. Hulle moet ook onderhoude voer met verskeie mense. Leerders moet op Angola, Botswana of Tanzanië fokus.

iii) Herdenking van 25 jaar van vryheid en demokrasie in Suid-Afrika

Suid-Afrika herdenk 25 jaar van vryheid en demokrasie (1994–2019). Sedert die aanbreek van demokrasie was daar pogings om versoening, herstel van eenheid, nasiebou, gelyke geleentheid en die lewenskwaliteit van die mense van Suid-Afrika te verseker. Daar is egter 'n paar struikelblokke en uitdagings wat steeds 'n negatiewe uitwerking op ons hardverdiende demokrasie het. Die boeie van apartheid, wat die meeste Suid-Afrikaners se lewens ernstig beïnvloed het, is moeilik om ongedaan te maak. Dit sluit onder meer in dat die menseregte-beginsels, inklusiwiteit en omgewings- en sosiale geregtigheid nie in ag geneem word nie. Diskriminasie, ongelykheid, ekonomiese oorheersing deur die minderheidsgroep, onderdrukking en armoede kry steeds die oorhand in ons land.

Daar word van leerders verwag om navorsing te doen en onderhoude te voer met ouers, akademië, verskeie leiers en individue binne gemeenskappe oor die sukses en uitdagings wat vanaf 1994 tot 2019 ervaar is. Dit kan binne die ekonomie, onderwys, gesondheid, sosiale geregtigheid, sport of kultuur ondersoek word. Leerders moet belangrike prestasies en uitdagings dokumenteer en nabetrugting doen oor hoe die geïdentifiseerde faktore kan bydra tot 'n billike en waardige lewe vir alle burgers.

v) Die rol van die jeug om ons vryheid en demokrasie te herstel

Die jaar 2019 is die 40^{ste} herdenking van die dood van Solomon Mahlangu. Solomon Kalushi Mahlangu is op 10 Julie 1956 in Pretoria gebore. Die naam Kalushi beteken "one who leads boys to manhood". Hy het skoolgegaan by die Mamelodi Hoërskool en die onluste van 1976 het gelei tot sy aktiewe betrokkenheid by die stryd teen apartheidswette en die segregasiesisteme. In dieselfde jaar het hy na Mosambiek, Angola en Swaziland gevlug uit vrees vir die apartheidregering se wetstoepassingsagentskappe. Nadat hy opleiding ontvang het in sabotasie, militêre strategie en taktiek, spioenasie en politiek, het hy in 1977 met drie ander jeugdiges na Suid-Afrika teruggekeer.

Hy was besig om die onregte wat deur apartheidswette en die segregasiesisteme opgelê is, te beveg. Met sy aankoms op Suid-Afrikaanse grond, is hy in hegtenis geneem en uiteindelik in 1979 tot die dood veroordeel. Hy is in die ouderdom van 22 jaar gehang by die destydse Pretoria Sentraal-gevangenis (vandag die Kgosi Mampuru gevangenis). Toe hy die galg nader, het hy gesê "Vertel my mense dat ek hulle liefhet en dat hulle moet aanhou veg, my bloed sal die boom voed wat die vrugte van vryheid sal dra".

Leerders moet navorsing doen en onderhoude voer met eweknieë (ander leerders) oor onder andere, hulle rol in die versekering van billike deelname in die ekonomiese omgewing, sosiale geregtigheid (billike geleenthede vir indiensneming, veiligheid en sekuriteit, en die stryd teen armoede) en toegang tot onderrig. Die navorsing en onderhoude moet ook aandui hoe die jeug van vandag van plan is om die stryd vir vryheid en demokrasie vorentoe uit te voer en watter aksies hulle bereid is om te neem om die "boom te voed", soos genoem deur Solomon Mahlangu, om vryheid, demokrasie en vrede te onderhou.

Kategorie 2: Jeugdigters, Storievertellers en Skrywers Kategorie (van toepassing op graad 8- tot 9-leerders)

Tema: 25 jaar van vryheid en demokrasie in Suid-Afrika

Die vertelling en skryf van stories, skryf van briewe en komposisies van gedigte en rympies sal deur graad 8- tot 9-leerders gedoen word en moet fokus op Suid-Afrika se 25 jaar van vryheid en demokrasie. Hul verskeie aktiwiteite moet die ervarings van hoogtepunte, suksesse en uitdagings tydens ons vryheid en demokrasie insluit. Die leerders moet óf in hul moedertaal óf taal van leer en onderrig komponeer en deelneem.

Vereistes:

- Gedigte en rympies — fokus kan wees op 'n verskeidenheid aspekte soos politiek, ekonomie, gesondheid, sport, kultuur of sosiale faktore. Die gedig of rympie moet uit 3–6 strofes bestaan.
- Storievertelling — sluit die hoogtepunte en uitdagings in wat tydens die 25 jaar van ons vryheid en demokrasie ervaar is. Die lengte van die voorlegging moet nie 6 minute oorskry nie.
- 'n Brief en storie as skryfwerk — die inhoud moet ekonomiese, opvoedkundige, gesondheids-, sport, kulturele of sosiale faktore dek. Sluit die suksesse en uitdagings in en bied voorstelle oor hoe vryheid en demokrasie versterk kan word om nasiebou, eenheid en vrede te verseker. Die brief moet aan die Staatshoof, die President van die Republiek van Suid-Afrika gerig word. Die lengte moet nie 4 bladsye oorskry nie.

6. Let asseblief op die volgende vir Kategorie 1:

- Die projek moet op mondelinge geskiedenisnavorsing gebaseer wees.
- Vir inligting oor mondelinge geskiedenisnavorsing word leerders en onderwysers aangeraai om die South African History Online by www.sahistory.org.za en die South African History Archives by www.saha.org.za te besoek.
- Leerders moet gehelp word in hul keuse van mense met wie 'n onderhoud gevoer word en moet sterk aangemoedig word om mense uit hul plaaslike gemeenskap te kies.
- Leerders moet aangeraai word om met minstens drie tot vier mense 'n onderhoud te voer.
- Leerders moet 'n portefeulje voorlê waarin al hul navorsing gedokumenteer is.

7. Vereistes vir leerders vir Kategorie 1

- a) Bied 'n mondelinge voorlegging aan — die oogmerk is nie dat dit 'n dramatiese voorlegging of gedigte moet wees nie.
- b) Berei 'n portefeulje in geskrewe formaat voor wat bewys van navorsing moet insluit. Leerders moet 'n onderhoud voer met lede van die gemeenskap en moet in staat wees om bewyse van hul onderhoude te kan toon, byvoorbeeld:
 - briewe aan onderhoudgewers;
 - transkripsies van die onderhoude of klankopnames; en
 - 'n lys met vrae wat aan die mense gestel is met wie hulle onderhoude gevoer het en hul response — óf in geskrewe formaat óf 'n digitale klankopname.
- c) Alle geskrewe werk en voorleggings moet in Engels wees.
- d) Portefeuljes moet ook bewys lewer van nabetrugting en leerders moet:

- dit duidelik stel hoekom hulle die mense gekies het met wie hulle onderhoude gevoer het;
- 'n duidelike begrip toon vir die historiese konteks waarin die individu gewerk het;
- verduidelik hoe die inligting van die onderhoud verband hou met die historiese konteks of hoe dit ons help om die gebeure uit 'n persoonlike oogpunt te verstaan;
- 'n persoonlike nabetrugting insluit oor wat hulle geleer het oor die moontlikhede vir individue om verandering in die samelewing mee te bring;
- hulle persoonlike leerervaring oordra wat hulle tydens die uitvoering van die mondelinge geskiedenisnavorsing opgedoen het;
- die waarde van die mondelinge geskiedenisnavorsing deel om ons te help om ons verlede te verstaan;
- alle bronne erken wat hulle in hul portefeuljes gebruik het;
- 'n bibliografie insluit; en
- onthou dat plagiaat swaar geenaliseer sal word.

8. Vereistes vir onderwysers vir Kategorie 1

- Onderwysers by sekondêre skole wat vir die kompetisie inskryf, moet 'n werkplan saamstel oor hoe hulle die mondelinge geskiedenisprojek beplan het en hoe hulle te werk gegaan het om dit in die klaskamer te implementeer.
- Daar sal van elke onderwyser verwag word om 'n aanbieding te lewer voor 'n paneel beoordelaars oor sy of haar navorsing en moet gereed wees om 'n paneelbespreking daarvoor te voer.
- Onderwysers moet die volgende in 'n portefeulje vir die kompetisie insluit:
 - Hoe die mondelinge geskiedenisprojek in die klaskamer aan die leerders bekendgestel is.
 - Die verduideliking wat aan leerders gegee is oor die keuse en benadering van moontlike onderhoudgewers.
 - Hoe om voor te berei en onderhoude te voer en die onderhoud as bewys te gebruik om afleidings oor die bydrae van daardie individue te maak.
 - Watter ingrypings die onderwyser gemaak het om die leerders by te staan om die projek te voltooi.
 - Wat die leerders na die onderwyser se mening uit 'n mondelinge geskiedenisnavorsingsprojek geleer het.
 - 'n Reeks voorbeelde van leerders se werke moet ingesluit word.

9. Proses vir die Jong Geskiedkundiges-kompetisie

- Onderwysers moet leerders identifiseer en voorberei vir die uitdunrondes binne die distrikte, verseker dat alle leerders wat ingeskryf het, teenwoordig is, die nodige vervoer na en van die geleentheid gereël is, en verseker dat hulle gereed is vir die distrikseleentheid.
- Leerders moet:
 - hul stories, briewe, gedigte, rympies, navorsing, vraelyste, onderhoude en transkripsies vroegtydig voltooi;

- seker maak dat hulle die portefeulje van bewys saamgestel het (kategorie 1);
 - hul voorleggings voltooi;
 - in staat wees om enige vrae oor hul projekte en navorsing (kategorie 1) te beantwoord; en
 - in staat wees om nabetragting te doen oor hul persoonlike ervarings (kategorie 1) en dit te deel.
- iii. Daar word van skole verwag om hul registrasie by die betrokke Sosiale Wetenskappe- en Geskiedenisvakadvisers in te dien.
 - iv. Daar word van vakadvisers verwag om gehalteversekering van geskrewe portefeuljes, stories, briewe, gedigte, rympies en voorleggings na te gaan en die distrik se uitdunrondes te koördineer. Die distrikte sal vyf leerders kies wat hulle by die provinsiale kompetisie sal verteenwoordig.
 - v. Bykomende voorbereidende werksessies vir onderwysers en leerders sal deur vakadvisers binne die distrikte gereël word. Die tye en lokale vir alle werksessies sal via die Sosiale Wetenskappe- en Geskiedenisvakadvisers bevestig word.
 - vi. Die provinsiale beoordelingsproses sal op **31 Augustus 2019** plaasvind.
 - vii. Beoordelingsroosters vir onderwysers en leerders (Bylae A), 'n toestemmingsvorm vir onderhoudgewers (Bylae B) en 'n evalueringsvorm vir onderhoudgewers, (Bylae C) is ook ingesluit.
 - viii. Die DBO sal verantwoordelik wees vir reis- en verblyfkoste vir deelnemende leerders en onderwysers tydens die nasionale kompetisie in Pretoria wat **vanaf 20 tot 22 September 2019** plaasvind.
 - ix. Vind asseblief aangeheg 'n rooster van die kompetisiedatums in Bylae D.

10. Registrasievorms (Bylae E) moet teen **24 Mei 2019** by die betrokke distrikskantoor se Sosiale Wetenskappe- en Geskiedenisvakadviseur wat hieronder gelys is, ingedien word:

Distrik	Vakadviseur	Tel. nr.	E-pos	Faks. nr.
Metro-Noord	Suzette Engel	021 938 3014	Suzette.Engel@westerncape.gov.za	021 938 3183
Metro-Sentraal	Dennis Cloete	021 514 6977	Daniel.Cloetel@westerncape.gov.za	086 236 1892
Metro-Suid	Rudolph Hugo	021 370 2060	Rudolph.Hugo@westerncape.gov.za	021 372 1856
Metro-Oos	Bonita Belelie	021 900 7150	Bonita.Belelie@westerncape.gov.za	086 664 2631
Weskus	Alex van Stade	021 860 1233	Alexande.VanStade@westerncape.gov.za	086 562 3907
Kaapse Wynland	Joseph Matsau Andre Louw	023 348 4623	Joseph.Matsau@westerncape.gov.za Andre.Louw@westerncape.gov.za	086 555 0261
Overberg	Jurina Auret	028 214 7338	Jurina.Auret@westerncape.gov.za	028 214 7400
Eden en Sentrale Karoo	Marietjie Beukes	044 803 8347	Marietjie.Beukes@westerncape.gov.za	086 673 8499

11. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die skoolbestuurspan en die betrokke onderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2019-05-14



**NKOSI ALBERT LUTHULI MONDELINGE GESKIEDENISKOMPETISIE LEERDER
SE BEOORDELINGSROOSTER**

PROVINSIE: _____

DISTRIK: _____

KRING: _____

SKOOL: _____

LEERDER SE NAAM: _____

ASSESSERINGSRUBIEK VIR MONDELINGE AANBIEDING = 50%			
Kategorie	Assesseringskriteria	Totale punte	Punte toegeken
Beplanning (5 punte)	Inligting word in 'n logiese volgorde aangebied	5	
Inhoud (15 punte)	Die materiaal is van toepassing op die onderwerp	5	
	Demonstreer genoegsame kennis van die gekose onderwerp teenoor die breër Suid-Afrikaanse geskiedenis	5	
	Bied 'n duidelike doelstelling ten opsigte van die gekose onderwerp met gepaste voorbeelde, feite ens.	5	
Aanbieding (30 punte)	Spreker handhaaf goeie oogkontak met die gehoor	5	
	Spreker beskik oor 'n duidelike, vloeiende hoorbare stemtoon en tempo	5	
	Visuele hulpmiddels is goed voorbereid, insiggewend en doeltreffend	5	
	Inligting is goed oorgedra	5	
	Aanbiedingstydperk is binne die vasgestelde tydsbeperking	5	
	Nabetragting oor lesse wat uit die navorsingsproses geleer is	5	
	TOTAAL	50%	
Kommentaar:			



ASSESSERINGSRUBIEK VIR PORTEFEULJE EN GESKREWE NAVORSINGSTUK = 50%			
Kategorie	Assesseringskriteria	Totale punte	Punte toegeken
Bepanning (10 punte)	Portefeulje word in 'n logiese volgorde aangebied en sluit 'n inhoudsopgawe en bibliografie in	5	
	Navorsingstuk, etiese vorm en toestemmingsvorme is ingesluit	5	
Inhoud (40 punte)	Gebruik verskeie bewyse en inligtingbronne (tipes bewyse wat verskaf is, bv. transkripsies, foto's, ens.)	10	
	Kennis en begrip van die breër geskiedkundige tydlyn	10	
	Kreatiwiteit in die samestelling van die portefeulje	10	
	Goed geformuleerde navorsingsverslag met in-teks verwysing en bibliografie	10	
	TOTAAL	50%	
Kommentaar:			



**NKOSI ALBERT LUTHULI MONDELINGE GESKIEDENIS-KOMPETISIE ONDERWYSER SE
BEOORDELINGSROOSTER**

PROVINSIE: _____

DISTRIK: _____

KRING: _____

SKOOL: _____

ONDERWYSER SE NAAM: _____

ASSESSERINGSRUBIEK VIR MONDELINGE AANBIEDING = 50%			
Kategorie	Assesseringskriteria	Totale	Punte toegeken
Bepanning (5 punte)	Inligting word in 'n logiese volgorde aangebied	5	
Inhoud (15 punte)	Die materiaal is van toepassing op die onderwerp	5	
	Demonstreer genoegsame kennis van die gekose onderwerp teenoor die breër Suid-Afrikaanse geskiedenis	5	
	Bied 'n duidelike doelstelling ten opsigte van die gekose onderwerp met gepaste voorbeelde, feite ens.	5	
Aanbieding (30 punte)	Spreker handhaaf goeie oogkontak met gehoor	5	
	Spreker beskik oor 'n duidelike, vloeiende hoorbare stemtoon en tempo	5	
	Visuele hulpmiddels is goed voorbereid, insiggewend en doeltreffend	5	
	Inligting is goed oorgedra	5	
	Aanbiedingstydperk is binne die vasgestelde tydsbeperking	5	
	Nabetragting oor lesse wat uit die navorsingsproses geleer is	5	
	TOTAAL	50%	
Kommentaar:			



ASSESSERINGSRUBIEK VIR PORTEFEULJE EN GESKREWE NAVORSINGSTUK = 50%

Kategorie	Assesseringskriteria	Totaal	Punte toegeken
Beplanning (20 punte)	Goed geformuleerde projekplan om mondelinge geskiedenis in die klaskamer bekend te stel	10	
	Oorsig, volgordebepaling en kreatiwiteit met die samestelling van die portefeulje	10	
Inhoud (30 punte)	Gebruik verskeie bewyse en inligtingbronne (tipes bewyse wat verskaf is, bv. transkripsies, foto's, ens.)	10	
	Kennis en begrip van die breër geskiedkundige tydlyn en die verhouding daarvan met die leerders se mondelinge geskiedenisprojekte	10	
	Die impak van leerders se mondelinge geskiedenisprojekte op die breër Suid-Afrikaanse geskiedenis	10	
	TOTAAL	50%	
Kommentaar:			



TOESTEMMINGSVORM

Hiermee word ooreengekom dat ek aan 'n navorsingstudie, oor _____, sal deelneem. Ek verstaan dat ek vrywillig deelneem en nie op enige manier gedwing word om dit te doen nie. Ek verstaan ook dat ek hierdie onderhoud te eniger tyd kan stop indien ek nie wil voortgaan nie. Hierdie besluit sal my op geen manier negatief beïnvloed nie. Ek verstaan ook dat hierdie navorsingsprojek my nie noodwendig persoonlik sal baat nie. Ek verstaan dat hierdie inligting met die uiterste vertroulikheid hanteer sal word en dat ek anoniem sal bly tensy ek geskrewe toestemming gee. Ek verstaan dat die toestemmingsvorm nie aan enige vrae gekoppel sal word nie.

Volle name: _____

Handtekening van deelnemer: _____

Datum: _____



ETIESE BEOORDELING

Goeiedag, my naam is _____ en
ek is 'n graad _____ -leerder by Hoërskool _____.
Ek doen 'n mondelinge geskiedenisprojek oor

(verduidelik kortliks wat die navorsingsprojek behels)

Deelname aan die studie is vrywillig en dit is jou keuse of jy wil deelneem. Daar is geen gevolge indien jy besluit om nie aan die studie deel te neem nie. Indien jy instem om deel te neem, kan jy die onderhoud te eniger tyd stop en jy sal op geen wyse benadeel word nie.

Die onderhoud sal tussen 60 tot 70 minute duur. Ek sal vrae vra en versoek dat jy dit so eerlik en opreg as moontlik beantwoord. Sommige vrae kan wel van 'n persoonlike en/of sensitiewe aard wees. Jy kan aandui indien die vrae jou ongemaklik laat voel en kan kies om dit nie te beantwoord nie. Daar is geen regte of verkeerde antwoord nie. Hierdie navorsing is bloot oor begrip en 'n persoonlike siening oor die onderwerp wat ondersoek word. Dit wil sê, ek is meer geïnteresseerd in jou eie persoonlike ervarings en begrip.

Die onderhoude is anoniem en jou naam sal nêrens tydens die navorsingsproses bekendgemaak word nie. As die navorser, is ek die enigste persoon wat toegang het tot jou identiteit en ek word deur 'n standaard etiese kode vir navorsers beheer. Indien dit nodig sou wees, mag ek jou weer ná die onderhoud nader om net 'n paar opvolgvrae te vra om meer duidelikheid te kry of om my begrip oor die onderwerp te verbeter.

Ek wil graag hiermee jou toestemming vra om ons gesprek op te neem deur hierdie klankband en/of klankvideokamera te gebruik. Dit sal my help om ons gesprek op te neem sodat ek daarna kan verwys sodra ons klaar is. Die bande sal met die uiterste vertroulikheid hanteer word. Sodra die navorsing voltooi is, sal dit vernietig word. Kan ek asseblief jou bereidwilligheid bevestig dat jy aan hierdie navorsingstudie gaan deelneem?

Naam: _____ Selfoonnommer: _____



PROJEKTYDLYN VAN DIE 2019 NKOSI ALBERT LUTHULI-TOEKENNINGS VIR JONG GESKIEDKUNDIGES

Skool-, Distriks- & Provinsiale proses			
Stap	Aktiwiteit	Datum	Verantwoordelikheid
1	Kies onderwerp, breinkaart, belangrike vrae, voltooi agtergrondnavorsing, Identifiseer onderhoudgewers, stel belangrike vrae op en voer onderhoude	14 Mei –31 Mei 2019	Sosiale Wetenskappe-/ Geskiedenis-onderwysers/-leerders by skole word deur vakadviseurs ondersteun
2	Skryf navorsingskonsep en dien dit by die onderwyser in	01–30 Junie 2019	Onderwysers doen gehalteversekering en dien dit by die vakadviseurs in om geassesseer te word
Dit is baie belangrik dat leerders en onderwysers gedurende die skoolvakansies vanaf 14 Junie tot 09 Julie 2019 voldoende vordering maak. Vakadviseurs moet vordering gedurende hierdie tydperk monitor.			
3	Distrikte begin met uitdunrondes	01–31 Julie 2019	Onderwysers, leerders en vakadviseurs
4	Indiening van portefeuljes en mondelinge geskiedenisvoorleggings vir provinsiale toekennings	15 Augustus 2019	Vakadviseurs doen gehalteversekering voor indiening
5	Provinsiale weners word gekies	31 Augustus 2019	Provinsiale belanghebbendes, Sosiale Wetenskappe-/ Geskiedenis-onderwysers en -vakadviseurs
6	Gehalteversekering van portefeuljes en mondelinge geskiedenisvoorleggings vir nasionale kompetisie	01–15 September 2019	Sosiale Wetenskappe-/ Geskiedenis-onderwysers en -vakadviseurs
7	Indiening van portefeuljes en mondelinge geskiedenisvoorleggings vir provinsiale toekennings	15 September 2019	Sosiale Wetenskappe-/ Geskiedenis-onderwysers en -vakadviseurs
8	Deelname aan nasionale Toekennings vir Jong Geskiedkundiges	20–22 September 2019	Provinsiale koördineerders en vakadviseurs



**REGISTRASIEVORM VIR DIE NKOSI ALBERT LUTHULI MONDELINGE
GESKIEDENISKOMPETISIE VIR 2019**

Naam van die hoërskool	
Privaat of openbare skool	
Landelike of stedelike skool	
Indien 'n openbare skool, dui asseblief die kwintiel aan	
Provinsie	
Distrik	
Naam van prinsipaal/ verantwoordelike onderwyser	
Skool se posadres	
E-posadres	
Kontaknommers	Selfoon _____ Landlyn _____
Faksnommer	
LEERDER SE PERSOONLIKE BESONDERHEDE	
Voorletters & voorname	Voorletters: _____ Volle voorname: _____
Van	
Geslag	<input type="checkbox"/> Manlik <input type="checkbox"/> Vroulik (Merk <input checked="" type="checkbox"/> asseblief die gepaste blokkie) (Graad 8-11)
Identiteitsnommer	Ouderdom: _____
E-posadres	
Selfoonnommer	

Landlynnommer	
<p>Hiermee word ooreengekom dat ons nie die organiseerders aanspreeklik sal hou vir enige verlies, skade, vertragings, siekte of enige ander ongelukke wat tydens ons verblyf in die provinsie of Pretoria mag voorkom gedurende die distriks-, provinsiale en nasionale rondes van die kompetisie nie.</p>	
Handtekening:	Prinsipaal/Verantwoordelike onderwyser
	Leerder se voog

VOORWAARDES VIR DEELNAME

Die nasionale Nkosi Albert Luthuli Mondelinge Geskiedenis-kompetisie se provinsiale mondelinge rondes sal in Augustus 2019 binne die provinsie plaasvind. Die nasionale mondelinge rondes sal in September 2019 plaasvind.

Indien nodig, sal die organiseerders help om toegang tot mediese sorg te verkry, maar kan nie verantwoordelikheid vir sodanige koste aanvaar nie. Die deelnemers en deelnemende inrigtings moet toesien dat hulle vooraf mediese versekering uitneem, of dat gebeurlikheidsplanne in plek is om sodanige koste te dek.

Daar word van deelnemers verwag om hulself ingelig te hou oor die Nkosi Albert Luthuli Mondelinge Geskiedenisprogram deur gereeld die Thutong-portaal en die South African History Online se webwerf te besoek by www.sahistory.org.za. Navorsing kan ook op die South African History Archives se webwerf gedoen word by www.saha.org.za.

Stuur asseblief die voltooide registrasievorm aan die betrokke vakadviseur hieronder:

Distrik	Vakadviseur	Tel. nr.	E-pos	Faks. nr.
Metro-Noord	Suezette Engel	021 938 3014	Suezette.Engel@westerncape.gov.za	021 938 3183
Metro-Sentraal	Dennis Cloete	021 514 6977	Daniel.Cloetel@westerncape.gov.za	086 236 1892
Metro-Suid	Rudolph Hugo	021 370 2060	Rudolph.Hugo@westerncape.gov.za	021 372 1856
Metro-Oos	Bonita Belelie	021 900 7150	Bonita.Belelie@westerncape.gov.za	086 556 9519
Weskus	Alex van Stade	021 860 1233	Alexande.VanStade@westerncape.gov.za	086 562 3907
Kaapse Wynland	Joseph Matsau Andre Louw	023 348 4623	Joseph.Matsau@westerncape.gov.za Andre.Louw@westerncape.gov.za	086 555 0261
Overberg	Jurina Auret	028 214 7338	Jurina.Auret@westerncape.gov.za	028 214 7400
Eden en Sentrale Karoo	Marietjie Beukes	044 803 8347	Marietjie.Beukes@westerncape.gov.za	086 673 8499